# KAN DIE KERNWAPENWEDLOOP DEUR KERNWAPENBEHEER BEËINDIG WORD?

**A.W. van Tonder, Instituut vir Politieke en Afrikastudie, PU vir CHO**

## ABSTRACT

*The slogans of the "walkers for peace" in the United States of America and in Western Europe (and also in South Africa) against the proliferation of nuclear weapons and nuclear technology as well as the growing probability of a nuclear war in the light of president Reagan's rearmament plan, are born of the numerous failures of nuclear disarmament and arms control. The ever-increasing danger that goes along with nuclear proliferation in the sense of weapon production and the handling of radioactive waste urges us to look more seriously than ever at nuclear technology. The article deals with some of the efforts to control the proliferation process as well as efforts to limit or reduce nuclear arms. Some essential factors that negatively influence the discussions are pointed out and finally it is concluded that because of the sin-induced brokenness of man's heart, control over nuclear arms proliferation has just partial success. The abolition of weapon production and total disarmament are ideals that will, in this era that precedes the second coming of Christ, not be fulfilled. Thus, the nuclear arms race will inevitably continue.*

Die massaoptogte deur vredesbewegings dwarsoor Wes-Europa en die VSA en hulle aandrang op kernontwapening en 'n nie-verspreidingsbeleid van kerwapens en kernreaktors vestig opnuut die wêreld se aandag op die moontlikheid van 'n kernoorlog en die skrikwekkende gevolge wat dit inhou. Veral president Reagan se herbewapeningsprogram vir die VSA én vir Wes-Europa laat die gedagte posvat dat die VSA alle pogings tot wapenbeheer oorboord gegooi het en die kernwapenwedloop met die Sowjetunie in alle erns voortsit. Dit is wel gedeeltelik waar in die sin dat die VSA die wapenwedloop doelgerig voortsit, maar dat hy wapenbeheer op die agtergrond geskuif het, is onwaar. President Reagan se beleid bly deurgaans dat hy bereid is om oor kernwapenvermindering te onderhandel terwyl hy bewapen. Die rede hiervoor is dat die Sowjetunie oor die afgelope dekade sy kernmagte sodanig vergroot het dat hy kwantitatief en kwalitatief in talle aspekte van kernbewapening die leiding geneem het. Terugskouend oor die afgelope tien jaar kan daar kwalik van 'n wapenwedloop gepraat word, aangesien die USSR voluit gehardloop het, terwyl die VSA gestap het.

Die eis van kernontwapening wat die sogenaamde 'walkers for peace' stel, dui daarop dat die kernwapenwedloop beëindig moet word omdat, so word veronderstel, 'n wêreld sonder kernwapens 'n baie veiliger plek is om in te

leef as een wat op 'n kruitvat balanseer. Is hierdie eis realisties? Die huidige samesprekings oor 'n beperking of vermindering van strategiese kernwapens is reeds 'n poging om die groeiende kernarsenale van die kernwapenmoondhede te verklein. Of dit egter op kernontwapening sal uitloop, word betwyfel.

Reeds onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog is pogings aangewend om die verspreiding van kernwapens te verhoed om sodoende te probeer voorkom dat die VSA in 'n kernwapenwedloop met 'n ander land verval. Onder leiding van die VSA as die enigste kernwapenmoondheid teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog is verskeie pogings aangewend om kernwapenverspreiding aan bande te lê of ten minste op 'n streng gekontroleerde basis te verreken.

## 1. POGINGS TOT KERNWAPENBEHEER

### 1.1 Die Baruchplan

Ten einde 'n konstitusionele bloudruk vir internasionale beheer oor die verspreiding van kerntegnologie op te stel het Bernard Baruch, oud-presidensiële adviseur en aandelemakelaar, op 14 Junie 1946 die sogenaamde Baruchplan aan die VN se Atoomenergiekommissie (AEK) voorgelê. Op dramatiese wyse het hy in sy aanhef gesê:

> "We are here to make a choice between the quick and the dead. That is our business. . . . We must elect World Peace or World Destruction." (Dupuy & Hammerman, 1973: 302).

Die plan het die skepping van 'n supranasionale beheerliggaam (*International Atomic Development Authority*) behels, wat totale beheer oor die algehele proses van kernwapenvervaardiging, vanaf die uraanontginning, die verskaffing van reaktors, verryking ens., sou uitoefen. Hierdie liggaam sou ook oor die bevoegdheid beskik om stappe te doen teen enige oortreder van die neergelegde beleidsbepalings.

Hoewel die meeste verteenwoordigers op die AEK se vergadering die plan gunstig ontvang het, het een van die belangrikste verteenwoordigers, Andrei Gromyko van die Sowjetunie, dit verwerp (Lieberman, 1970: 305). Die romantiese idealisering van 'n internasionale outoritêre gesagsliggaam wat 'n monopolistiese beheer oor alle kernaktiwiteit sou uitoefen, was in daardie stadium te vergesog. Op 19 Junie 1946 het Gromyko die USSR se voorstelle vir

kernenergiebeheer ter tafel gelê. Dit het 'n verbod op die vervaardiging en aanwending van kernwapens, die uitruil van wetenskaplike kennis en die ontwerp van 'n stel veiligheidsmaatreëls bepleit.

Uit voorgaande blyk dit dat die VSA eers die verspreiding van kerntegnologie wou beheer en dán wapenbeheer wou toepas. Die Sowjetunie daarenteen wou eers wapenbeheer toepas en dán die verspreiding van kerntegnologie bekamp. Dit is daaraan toe te skryf dat die VSA ten tye van die Baruchplan wel oor die kundigheid van kernwapenvervaardiging sowel as 'n kernarsenaal beskik het en die USSR nie. Die USSR wou hierdie bedreiging uitskakel, en die tyd wat dit sou duur om 'n stel veiligheidswaarborge op te stel, sou aan hom die nodige tyd gee om sy kernnavorsingsprogram op dieselfde vlak as dié van die VSA te bring. Deur die Baruchplan te aanvaar sou vir die USSR beteken dat die VSA sy monopolie op kernwapengebied behou, terwyl alle kernnavorsingsaktiwiteite in die USSR onder die beheer van die voorgestelde internasionale gesagsliggaam sou val. Hierdeur sou die USSR nie toegelaat word om kernwapens te vervaardig nie, wat 'n aantasting van sy nasionale soewereinteit impliseer — iets waarvoor hy eenvoudig nie te vinde was nie.

### 1.2 'Atoms for peace'

Nadat die Sowjetunie daarin geslaag het om in 1949 'n kernbom te toets, Brittanje in 1952, die VSA in 1952 sy eers geslaagde waterstofbomtoets uitgevoer het en in 1953 deur die USSR opgevolg is, het president Eisenhower op 8 Desember 1953 voor die Algemene Vergadering van die VN die *vreedsame gebruik* van kernenergie sterk aangemoedig. Met sy 'atoms for peace'-voorstel was sy gedagte van 'n internasionale beheerliggaam wat internasionale kontrole oor die aanwending van kernenergie moes uitoefen, soortgelyk aan dié van Baruch. Om inhoud aan sy ideaal te gee is die Internasionale Atoomenergie-Agentskap (IAEA) op 20 Oktober 1956 in die lewe geroep (SIPRI, 1975: 4). Hierdie liggaam moes toesien dat kernmateriaal en kernenergie slegs vir vreedsame gebruik aangewend word met die nodige waarborge, veiligheidsmaatreëls en magtigings vir monitoraksies en inspeksies. Maar weer eens sou IAEA-beheer die kernwapenmonoplie laat in die hande van dié enkele lande wat oor die kundigheid en fasiliteite vir kernwapenvervaardiging beskik. Enige land wat na kernwapenbesit as die hoogste militêre vorm van selfverdediging strewe, sal derhalwe onwillig wees om hom aan IAEA-waarborge te onderwerp. Aangesien die USSR in daardie stadium slegs die aanvangsfases van kernbewapening betree het, kan begryp word waarom die USSR onwillig was om die Statuut van die IAEA te onderteken.

Hiermee word dan ook die Achilleshiel van die IAEA se funksionering bloot-

gelê, naamlik die gebrek aan eenvormige internasionale onderwerping aan IAEA-bepalings. Periodieke inspektering deur IAEA-inspekteurs van kernreaktors en kernnavorsings- en verrykingskomplekse kon 'n omseiling van die bepalings slegs ontdek maar nie verhoed nie. Dit impliseer dat die nalaat van gereelde inspeksies (op ongereelde tye) aan 'n kernmoondheid die geleentheid gee om 'n kernwapen te vervaardig.

Hoewel die IAEA die vreedsame gebruik van kernenergie moet beheer en monitor, is die duidelike onderskeid tussen vreedsame en militêre gebruik nie altyd te identifiseer nie. 'n Kernreaktor kan byvoorbeeld elektrisiteit aan 'n stad òf aan 'n militêre kompleks òf aan albei gelyktydig verskaf: 'n kernreaktor kan ingespan word om 'n handelskip, 'n vliegdekskip of 'n duikboot aan te dryf. Hoewel 'n wapen nie vervaardig is nie, word hierdie kernenergie tog vir militêre doeleindes aangewend. Ten grondslag aan die beheer oor kernwapenverspreiding en die aanwending van kernenergie lê die beginsel van inspeksie. 'n Gebrek aan internasionale eenstemmigheid ten opsigte van inspeksie, watter vorm dit ook al mag aanneem, verkrag hierdie beginsel egter sodanig dat die IAEA hoogstens 'n beperkende invloed op die verspreidingsproses van die kernwapens en kerntegnologie uitoefen maar dit hoegenaamd nie kan hokslaan nie.

### 1.3 Die Rapackiplan

Op 2 Oktober 1957 het die destydse Poolse minister van buitelandse sake, Adam Rapacki, voor die Algemene Vergadering van die VN 'n gedemilitariseerde sone in Sentraal-Europa gepropageer. Hierdie sone sou Pole, Tsjeggo-Slowakye, Oos-Duitsland en Wes-Duitsland insluit. Die plan het die vervaardiging, berging of stasionering van kernwapens op die betrokke lande se grondgebied verbied. Die USSR, die VSA, Brittanje en Frankryk moes die kernwapenvrye status van die gebied erken, terwyl die gebruik van kernwapen teen enige van die betrokke state verbode was (Epstein, 1976: 64, 209). Rapacki se voorstel het misluk as gevolg van die geostrategiese opset van NAVO teenoor Warschau. Die Sowjetunie lê ongeveer 650 km van die Wes-Duitse grens en grens daarby onmiddellik aan sy Oos-Europese satellietstate. Daarenteen lê die VSA, NAVO se vernaamste lidstaat, ongeveer 6 000 km van sy Wes-Europese bondgenote verwyderd. 'n Demilitarisering van die voorgestelde gebied sou beteken dat Sowjettroepe en wapentuig tot slegs 650 km van die Wes-Duitse grens onttrek word, terwyl die Amerikaanse magte 6 000 km ver na die Amerikaanse vasteland onttrek sou word. Dit sou slegs Sowjet-dominasie van Europa in die hand werk en was vir die Weste onaanvaarbaar. Deur die plan te aanvaar sou die Weste ook onregstreeks aan die bestaan van Oos-Duitsland erkenning gee — iets wat die Weste in daardie stadium nie wou toegee nie.

'n Onderliggende rede waarop Rapacki Sentraal-Europa wou demilitariseer, was sy vrese vir Duitse herbewapening en unifikasie. Hieromtrent het Rapacki hom soos volg uitgelaat:

> "It is all the more dangerous because we are dealing with a State in which militarist and 'revanchist' trends have by no means disappeared and exert a considerable influence. West Germany must not be allowed to become an atomic power-keg in the middle of Europe" (United Nations, 1957: 236).

Rapacki het die weg gebaan tot ernstige besinning oor kernwapenbeheer deur middel van kernwapenvrye sones. Belangrik egter is dat die skepping van sulke sones uit die gebied self moet kom, dat dit deur alle betrokke state aanvaar word en dat al hierdie state dieselfde voordele daaruit moet kan put.

### 1.4 Die Antarktiese verdrag

Die sestigerjare is ingelui met hoopvoller tekens met betrekking tot doeltreffende kernwapenbeheer. Die Antarktiese verdrag is op 1 Desember 1959 deur twaalf state onderteken wat belange in die Suidpoolomgewing het. Dit het op 23 Junie 1961 van krag geword (Dupuy & Hammerman, 1973: 455). Die bepalings van die verdrag behels kortliks dat Antarktika slegs vir vreedsame doeleindes gebruik mag word, dat geen kernwapentoetse of militêre maneuvers aldaar uitgevoer mag word nie en dat alle installasies en toerusting te eniger tyd vir internasionale besoeke, inspeksie en observasie 'oop' sal wees.

Vanweë die moeilike toeganklikheid, onherbergsaamheid, ongenaakbare klimaat en geografiese verwyderdheid het veral die supermoondhede nie sóveel belang by die gebied nie. As gevolg van die negatiewe faktore word die eknomiese ontwikkeling van die gebied totaal ontmoedig en is dit waarskynlik die vernaamste redes waarom daar nog aan die verdrag gehoor gegee word.

### 1.5 Die kernwapentoetsverbod

Die steeds groeiende getal kernwapentoetse wat veral na die Kubaanse missielkrisis in 1962 die hoogte ingeskiet het, en die feit dat die meeste van die toetse in die atmosfeer gedoen is, het die moontlikheid van langtermynbestraling deur radioaktiewe kernneerslag dwarsoor die wêreld 'n wesenlike gevaar gemaak. 'n Radioaktiewe stof soos stronsium 90 het 'n halveringstyd (die tyd wat dit duur voordat die stof begin afbreek) van 28 jaar. Dit word deur die eerste 5-7 cm van die bogrond geabsorbeer, deur alle plante en voedselgewasse opgeneem en beland regstreeks of via vleisprodukte in die mens se liggaam. Vanweë sy chemiese ooreenkoms met kalsium neem stronsium 90

die plek van kalsium in die mens se liggaam in en veroorsaak been- en bloedkanker (Divine, 1978: 130-131).

Om die besmetting van die aarde se atmosfeer deur radioaktiewe kernneerslag te voorkom is die kernwapentoetsverbod op 5 Augustus 1963 te Moskou deur verteenwoordigers van die VSA, Brittanje en die Sowjetunie onderteken. Dit behels kortliks dat 'n verbod op kernwapentoetse in die atmosfeer, in die ruimte of onder die water geplaas word. Daarmee is 'n periode afgesluit waarin die VSA 193 en die USSR 161 atmosferiese kerntoetse gedoen het (Barnard, 1979: 217). Belangrik is dat die verdrag nie ondergrondse kerntoetse verbied nie.

Reeds met die bekendmaking van die verdrag het Rooi China in 'n skerp bewoorde verklaring sy teenkanting teen die verdrag uitgespreek. Die kern van die saak is weer eens die internasionale jaloesie op die kernwapenmonopolie van die 'besitters' en spesifiek die supermoondhede. Die gevolg was dat Rooi China op 16 Oktober 1964 sy eerste geslaagde kernwapentoets uitgevoer het, wat deur 'n termonukleêre toets op 17 Junie 1967 opgevolg is. Tot 31 Desember 1981 het Rooi China dan 26 kernwapentoetse uitgevoer, waarvan 22 in die atmosfeer was. Frankryk het 100 toetse uitgevoer, waarvan 41 atmosferiese toetse was, terwyl die VSA 390, die USSR 305 en Brittanje 11 toetse (almal ondergronds) uitgevoer het (SIPRI, 1982: 440).

Ten spyte van die beperkings op atmosferiese kernwapentoetse gaan die toetse nog steeds voort teen 'n konstante tempo van ongeveer een per week. Die weiering van lande om die kernwapentoetsverbod te onderskryf toon duidelik dat daar nie 'n absolute verbod op kernwapentoetse geplaas kan word nie. Ook ontbreek daar 'n vorm van 'n internasionale gesagsliggaam wat die nakoming van die verdrag kan afdwing. Watter land(e) gaan Rooi China of Frankryk, reeds bewese kernwapenmoondhede met 'n eie kernarsenaal, dwing om atmosferiese toets te staak? Hoewel die verbod op atmosferiese toetse 'n groot tree was na die ideaal om kernwapentoetse geheel en al te verbied, kan dit nie op die keper as 'n werklike ooreenkoms vir wapenbeheer beskou word nie. Die kernwapen is al soveel kere getoets dat 'n opskorting van verdere toetse nie wapenvervaardiging enigsins gaan vertraag nie. Ontplooide wapenstelsels (missiele en plofkoppe) is nie een getoets om te kyk of dit korrek funksioneer nie. Alle wapenstelsels se funksionering berus op die veronderstelling, gebaseer op vorige toetse, dat dit wel sal funksioneer. Trouens, die totale terreurbalans berus op hierdie veronderstelling. In dié sin gaan 'n verbod op kernwapentoetse nie die verspreiding van kernwapens opskort of die vergroting van die kernwapenmoondhede se arsenale aan bande lê nie.

### 1.6 Die kernsperverdrag

Dit uitbreiding van die kernwapenklub tot vyf lede, te wete die VSA, die Sowjetunie, Brittanje, Frankryk en Rooi China, in 'n bestek van 20 jaar nadat die atoomkern die eerste keer gesplyt is, het die vrees laat ontstaan dat die verspreiding van kernwapens na elke onbenullige staatjie die moontlikheid van roekelose en onverantwoordelike kernwapengebruik skep. Die beskikbaarheid van kernwapens in polities onstabiele en militêre plofbare gebiede buite die Europese sfeer bring die wêreld treë nader aan 'n kernbotsing.

Die gevolg was dat die kernsperverdrag op 1 Julie 1968 gelyktydig te Washington, Londen en Moskou onderteken is. Die essensie daarvan is in die eerste artikel vervat, naamlik:

> "Each nuclear-weapon State Party to the Treaty undertakes not to transfer to any recipient whatsoever nuclear weapons or other nuclear explosive devices or control over such weapons or explosive devices directly, or indirectly: and not in any way to assist, encourage, or induce any non-nuclear-weapon State to manufacture or otherwise acquire nuclear weapons or other nuclear explosive devices, or control over such weapons or explosive devices" (SIPRI, 1978: 88-90).

Nogmaals word die onderskeid tussen 'besitters' en 'nie-besitters' getref. Met kernwapens slegs in die hande van die reeds bewese kernwapenmoondhede en 'n verbod op die verspreiding van kernwapens impliseer dit dat kernwapenmoondhede die monopolie oor en die alleenvoordeel van kernbewapening geniet. Enige land wat na kernwapenbesit of grootmoondheidstatus strewe, sal weier om die verdrag te onderteken. Frankryk en Rooi China, wat ver agter was in die kernwapenwedloop met die supermoondhede, het logieserwys geweier om hulle aan die verdrag te onderwerp. Hiermee is die geslaagde funksionering van die verdrag van die begin af gekortwiek, aangesien beide lande 'n los hand in hulle eie kernverdediging het én die verspreiding van kernwapens na enige land kan bevorder. Indien alle kernwapenmoondhede en dié lande wat oor die nodige kernwapentegnologie vir kernwapenvervaardiging beskik, nie eenparig 'n nieverspreidingsbeleid volg nie, is alle beheer oor die verspreiding van kernwapens tevergeefs.

Die feilbaarheid waaraan die verdragsluiting van die begin af mank gegaan het, asook die ingeboude diskriminerende maatreëls het dan ook daartoe gelei dat Indië, 'n medeondertekenaar van die kernsperverdrag, op 18 Mei 1974 'n 'vreedsame' kernwapentoets uitgevoer het. Daarmee is bewys dat die vreedsame aanwending van kernenergie deur 'n bietjie moeite tot kernwapenvervaardiging aangepas kon word. Ook die besluit van die NAVO-minis-

tersberaad van 12 Desember 1979 om mediumafstandkernwapens op verskeie Wes-Europese lande se grondgebied te stasioneer, druis geheel en al in teen die bepalings van die verdrag en ondermyn die gees waarin dit gesluit is. Daarby is die VSA, as een van die ondernemers en hoofondertekenaars van die verdrag, die verskaffer van hierdie wapens.

Hoewel die verdrag nie 'n waterdigte skans teen kernwapenverspreiding is nie, het dit tog die weg gebaan vir sinvolle beredenering om verspreiding aan bande te lê. Die feit dat meer as 'n 100 state hulle reeds aan die verdrag onderwerp het, is juis een van die positiewe punte in die sin dat, ten spyte van die diskriminerende inhoud van die verdrag, 'n groot gedeelte van die internasionale gemeenskap wel bereid is om 'n verdragsluiting deur die kernwapenmoondhede te onderskryf. Daarmee het hulle hulle goedkeuring aan 'n nieverspreidingsbeleid gegee en kan die verdrag as 'n mylpaal in kernwapenbeheer beskou word. Die sestigerjare is afgesluit met die begin van samesprekings tussen die VSA en die Sowjetunie oor beperking van strategiese wapens.

## 2. SAMESPREKINGS OOR STRATEGIESE KERNWAPENBEHEER

Die beperking van strategiese wapenstelsels is aanvanklik vertraag deur die Vietnamese Oorlog en die Russiese inval in en oorname van Tsjeggo-Slowakye in 1968. Onder leiding van oud-president Nixon het die samesprekings oor die beperking van strategiese wapens (SALT = Strategic Arms Limitation Talks) te Helsinki op 17 November 1969 formeel 'n aanvang geneem. As gevolg van die ontspanne gees tussen die VSA en die USSR waarin die samesprekings gevoer is, het dit die simbool van détente tussen die Ooste en die Weste geword. Die suksesse en mislukkings van SALT kan as barometer beskou word waaraan die 'atmosfeer' in Oos-Wes-betrekkinge getoets word. Die welslae van SALT was veral vir Nixon van belang gesien in die lig van die vernederde beeld wat die VSA na die Viëtnamese Oorlog met hom saamgedra het, asook die Watergate-debakel in die Withuis waarvan Nixon die slagoffer was.

Wanneer daar oor die beheer, beperking of vermindering van strategiese kernwapens onderhandel word, maal diepliggend die vraag: Hoeveel is genoeg? Oor hoeveel kernwapenstelsels moet die VSA beskik om sy eie veiligheid en dié van sy Europese bondgenote te waarborg? Hoeveel kernwapens is nodig om 'harde' teikens in die Sowjetunie te verwoes? Volgens skatting het beide supermoondhede soveel kernwapens dat hulle vyandelike teikens meer as een keer kan verwoes. Watter sin is daar gevolglik om met die kernwapenwedloop voort te gaan? Die problematiek van die saak is daarin geleë dat die USSR byvoorbeeld met 'n voorkomende kernaanslag die VSA se kernwapenstelsels kan uitwis om sodoende die VSA se vergeldingsvermoë te neutra-

liseer. Toereties is 'n land wat sy vyand ses keer kan verwoes, nie swakker as 'n land wat dit tien keer kan doen nie. Maar in die praktyk kan laasgenoemde $^{9}/_{10}$ van sy mag gebruik om sy vyande se vergeldingspotensiaal te vernietig en nog genoeg mag ($^{1}/_{10}$) oorhou om sy stede te verwoes of om hom te dreig indien die teikenheid 'n vergeldingsaksie sou lanseer (Morgenthau, 1973: 404).

SALT het ten doel om die oormaat kernwapens in die Amerikaanse en Russiese arsenale te verminder met behoud van strategiese pariteit. Dit wil 'n stabiele situasie van wedersydse afskrikking tussen die VSA en die USSR skep deur ooreengekome beperkings op die ontplooiing van strategiese wapenstelsels te plaas. President reagan het 'n aksentverskuiwing aan die benaming 'SALT' gegee deur die klem op die vermindering van kernwapens te laat val. Sy START (Strategic Arms Reduction Talks) mag wel die klem op wapenvermindering laat val, maar die basiese oogmerke van pariteit, eweredige afskrikking en strategiese stabiliteit soos by SALT bly steeds dieselfde.

Op 26 Mei 1972 is die onderhandelinge met welslae bekroon met die ondertekening van die SALT I-verdrag (Dupuy & Hammerman, 1973: 603-609). In wese is doeltreffende beperkings slegs op ballistiese missielafweerstelsels geplaas, terwyl geen gedetailleerde beperking op offensiewe wapens gelê is nie. Defensiewe wapentuig is beperk, terwyl die supermoondhede 'n vry hand gekry het om hulle offensiewe slaankrag uit te brei. Die argumentasie dat die grootskaalse ontplooiing van defensiewe wapens 'n defensief-offensiewe wapenwedloop van intenser omvang sou beteken, is weliswaar juis, maar daarteenoor het 'n offensief-ofensiewe wedloop gerealiseer sonder die 'defensiewe stimulant'. 'n Gebrekkige omskrywing van detailkenmerke van wapenstelsels het as verdere aansporing tot die offensiewe wedloop gedien.

'n Tweede mylpaal in wapenbeheer is met die ondertekening van die SALT II-verdrag op 18 Junie 1979 bereik (Talbott, 1979: 279-310). Die Russiese inval in Afganistan in Desember van daardie jaar het oud-president Carter egter laat besluit om die verdrag onbekragtig te laat. Met die verkiesing van president Reagan in die daaropvolgende jaar is die verdrag vandag slegs 'n herinnering sonder enige demper op pres. Reagan se herbewapeningsprogram. In wese het die verdrag daarin geslaag om 'n gelyke plafon vir strategiese (interkontinentale) wapenstelsels te skep, maar dit het jammerlik gefaal om die dinamiek van die tegnologie in 'n ooreengekome verdrag te inkorporeer. Die ontwikkeling van meerdoelige wapenstelsels ('grey-area systems') wat takties en strategies (interkontinentaal) aangewend kan word, het die klassifikasie van hierdie wapens uiters problematies gemaak, aangesien gewone verifikasiemetodes nie genoegsaam is om die tegniese vermoëns van hierdie stelsels te bepaal nie. So verklaar Ruehl (1978: 30):

> "... the range potential of a normal cruise missile has such a wide margin of tolerance that verfication becomes virtually impossible: the range limits cannot be detected by looking at the launcher even if it can be found. 'If the engines will operate over a 600 km range, they will probably operate for another 600 km' ".

Sonder fisiese inspeksie hang 'n vraagteken oor die nakoming van enige bepaling van 'n verdrag — en fisiese inspeksie sal die Russe ongetwyfeld nie toelaat nie. Hulle sterk antipatie teen fisiese inspeksie het reeds uit pres. Eisenhower se tyd met sy 'atoms for peace' en 'open skies'-voorstelle geblyk.

Afgesien van die kontroleringsproblematiek het die Sowjetunie oor die afgelope agt jaar so 'n oorweldigende mediumafstandkernmag teen Wes-Europa opgebou dat die VSA (en sy Europese NAVO-bondgenote) genoodsaak was om die SALT II-verdrag op die agtergrond te skuif. Aansluitend hierby het die USSR die kwaliteitsgaping tussen sy kernmagte en dié van die VSA so te sê uitgewis en in talle aspekte selfs die leiding geneem. Daarteenoor is Amerikaanse wapenprogramme ingekort en selfs gekanselleer. Met die ondertekening van die SALT II-verdrag was die VSA en die USSR ruweg in 'n pariteitsposisie, maar terwyl die Amerikaanse wapenprogramme in die koelkas was, het die USSR onverpoos voortgegaan om sy reeds ontwikkelde wapenstelsels in Europa te ontplooi en sy magte verder te moderniseer. In Junie 1979 het die getalsvaspenning van lanseerders pariteit beteken, maar oor die daaropvolgende dekade sal dit 'n dispariteit word. Die pariteitsgedagte bring weer die kwessie van hoeveel genoeg is na vore — met 'n ander dimensie.

Vanweë die geostrategiese opset tussen NAVO en Warschau geniet die VSA as die belangrikste NAVO-lidstaat die voordeel dat hy nie aan 'n vyandelike Warschauland grens nie maar deur duisende seemyl van ander kontinente geskei is. Om Amerikaanse grondgebied te tref sal die Sowjetunie uitsluitlik op strategiese (interkontinentale) wapenstelsels moet steun. Die VSA daarenteen kan Sowjetgrondgebied vanuit die VSA (met strategiese wapens) én vanuit Wes-Europa (met mediumafstandkernwapens) tref. Dit impliseer dat die USSR, vir die bereiking van pariteit, meer strategiese kernwapens as die VSA benodig.

Teenoor hierdie argument staan die VSA se verpligting teenoor Wes-Europa. Met geen mediumafstandkernwapens in Wes-Europa nie word die VSA (binne NAVO-konteks) se waarborg van Wes-Europese veiligheid soveel moeiliker. Gesien in die lig van die konvensionele (én kern =) oormag ten gunste van die Oosblok, is die VSA verplig om strategiese kernwapens by Wes-Europese verdediging in te sluit. Dit impliseer op sy beurt weer dat die

VSA meer strategiese kernwapens as die USSR benodig. Opgeweeg teenoor mekaar volg dit dat strategiese pariteit wel bereik kan word sonder om die stabiliteit te ondermyn.

Die oorweldigende kernoormag wat die USSR teen Wes-Europa opgebou het, en die afwesigheid van Wes-Europees gestasioneerde kernwapens wat Sowjetgrondgebied kan bereik, heers daar tans 'n oorweldigende wanbalans ten gunste van die Oosblok. Die Oos-Wes-magsverhoudinge het 'n toestand bereik waarin die USSR en die VSA ruweg in pariteit verkeer (die VSA se posisie is besig om te verswak maar sal hopelik weer teen die einde van die tagtigerjare herwin word), terwyl Wes-Europa weerloos teen die Russiese bedreiging staan. In dié sin is dit verstaanbaar dat NAVO besluit het om vanjaar mediumafstandkernwapens in Wes-Europa te begin ontplooi en pres. Reagan se besluit om die VSA te herbewapen. Die probleem is dat die Sowjetkernmagte reeds ontplooi is, terwyl die Amerikaanse wapenprogram eers teen 1986 op dreef sal kom. Met geen wapenbeperkende ooreenkoms in sig nie is die Russe steeds besig om hulle voorsprong in Europa verder uit te bou en die leiding in strategiese bewapening te neem.

## 3. WAPENBEHEER EN DIE KERNMAGSBALANS

Die gesloer van START te Genève het die twee groot struikelblokke in wapenbeheer weer eens na vore gebring, naamlik tegnologie en verifikasie. Die snelle aanbiedinge van voorstelle en die ewe snelle verwerping daarvan dui daarop dat die onderhandelende partye 'n kitsoplossing vir die groeiende wapengetalle soek. Dit is egter wensdenkery om te verwag dat die USSR skielik honderde missiele waarin miljarde roebel belê is, gaan begin afbreek soos deur pres. Reagan se 'zero-opsie'-voorstel geïmpliseer. Die Sowjetunie se kernmagte rus swaar op sy landgestasioneerde missielmagte. Dit vorm in hoofsaak sy verdedigings- en afskrikkingsmag en verskaf aan hom die prestige en simboliek van 'n supermoondheid. Die VSA se strategiese kernmagte daarenteen is oor drie komponente versprei, nl. sy landgestasioneerde missielmagte, sy duikbootmag en sy bomwerpermag. Elk van hierdie komponente dra 'n swaar las. Met die aandrang daarop dat die USSR sy landgestasioneerde missiele drasties moet verminder, tas 'n mens die hart van sy verdediging aan — 'n aandrang wat die USSR logieserwys nie sal aanvaar nie. Vir wapenbeheer sal die VSA miskien sekere toegewings moet maak met betrekking tot die vermindering van sy ander komponente se wapengetalle en vermoëns en nie net met 'n vermindering van landgestasioneerde missiele (strategies en 'Eurostrategies') volhard nie.

Hoewel SALT/START ten doel het om kernwapengetalle te verminder, is dit belangrik dat daarop gelet word dat kernwapengetalle net tot 'n sekere vlak kan daal, vanwaar dit verder negatief op die kernmagsbalans sal inwerk.

Watter konsep die VSA ook al as reaksievorm op Sowjetprovokasie in die vooruitsig stel, moet die grondslag steeds die verwoesting van die Sowjetunie (militêre mag, ekonomie, bevolking ens.) wees. Sodra die punt oorskry word waar die VSA hiervan verseker is, word die werklikheid van 'n kernoorlog baie groter.

Veronderstel die VSA benodig twee missiele om 'n spesifieke 'harde' teiken te vernietig (dit is die minimum vir 'n aggressor wat geen kanse wil waag nie) en die VSA en die USSR het elk 100 missiele, dan kan die VSA 50 Sowjetmissiele uitskakel en sal bereid moet wees om die vergelding van 50 te verduur. As albei lande bereid is om 50 missiele te absorbeer, is die magsbalans uiters onstabiel en is kernoorlog hoogs waarskynlik. As beide 500 missiele het, kan die VSA 250 Sowjetmissiele uitskakel en sal die vergelding van 250 moet verduur. As beide lande egter steeds bereid is om slegs 50 missiele te absorbeer, word die situasies baie stabiel en is kernoorlog onwaarskynlik. Soos die getalle in die kernmagsbalans toeneem, kan dit gevolglik stabiliteit bevorder (Snyder, 1971: 118-119 en 127).

Vir wapenbeheer hou dit die implikasie in dat die plafon van wapengetalle slegs tot 'n sekere vlak verminder kan word. Sodra die VSA onseker word oor die vernietiging van Sowjetteikens, is hierdie vlak oorskry en verloor die VSA die geloofwaardigheid van sy afskrikkingstrategie, wat op sy beurt die stabiliteit ondermyn en 'n tree nader aan die werklikheid van 'n kernbotsing laat beweeg. Deur wapenbeheer kan die oormaat kernwapens wel verminder word, maar slegs tot dié vlak waar die beginsel van versekerde verwoesting ('assured destruction') steeds geld. In dié sin sal die kernwapenwedloop voortgaan, veral ten opsigte van die kwalitatiewe, en kan dit selfs na die defensiewe uitgebrei word. Tog is wapenbeheer belangrik en mag nie agterweë gelaat word nie.

## 4. 'DIALOOG VAN DIE DOWES'

Wat die huidige situasie betref, wil dit wel lyk of die VSA bereid is om samesprekings ten opsigte van wapenbeheer te voer, maar deur terselfdertyd 'n té ongenaakbare houding teenoor die USSR te handhaaf, tyd probeer win om eers sy kernmagte op te bou. President Reagan het die duidelik gestel dat hy bereid is om te onderhandel terwyl hy herbewapen. Hoe ironies is dit nie dat die wapenwedloop moet voortgaan juis om wapens te beperk nie? Om met die USSR oor wapenbeheer te onderhandel moet jy uit 'n magsposisie praat. So verklaar die Russiese uitgewekene, Amalrik (1976: 55):

> "Russians have always had respect for a strong Army, tough talk and strong personalities.... So if you want to talk seriously to the Russians, you have to talk tough — from a position of strength. They despise you,

> they consider you as an idiot, they do exactly what they want if you talk to them with courtesy and tact".

Sonder 'n troefkaart, verkieslik 'n wapenstelsel wat al ontwikkel is maar nog nie ontplooi is nie, sal die Sowjetunie nie tot sinvolle wapenverminderings oorgehaal word nie. Daarsonder is alle samesprekings tevergeefs en kan tereg as 'n 'dialoog van die dowes' tipeer word.

Die samesprekings oor die vermindering van strategiese wapens gaan nie die kernwapenwedloop beëindig nie. Dit kan dit hoogstens vertraag of in 'n alternatiewe rigting stuur. Die samesprekings gaan in beginsel oor konsepte, doktrines en strategieë wat wesenlik verskil. Vir die Sowjet-Rus is wapenbeheer slegs 'n instrument wat hy aanwend as middel ter verwesenliking van sy strategiese einddoelwit van wêreldoorheersing. In elke Amerikaanse onderhandelaar se agterkop fluister hierdie waarskuwingstemmetjie voortdurend. Maar waarom kan die onderhandelaars nie eenstemmigheid bereik nie? Die antwoord hierop is bloot dat die religieuse versplinterdheid van die mens se hart, as uitvloeisel van die sondegebrokenheid daarvan, ook op die terrein van internasionale betrekkinge neerslag vind.

### 5. BEWAPENING: 'N PRODUK VAN DIE SONDEVAL

Die beginsel van wapenbeheer is gebaseer op die veronderstelling dat dit wenslik en moontlik is om oorlog uit te skakel, dat wapentuig die vernaamste oorsaak van oorlog is en dat die vermindering (en uiteindelike wegdoen) van wapentuig die moontlikheid van oorlog sal beperk (en uiteindelik heeltemal uitskakel). Hierdie veronderstellings is op dramatiese wyse telkens deur die werklikheid as drogredenasies bewys. Deur die eeue heen is die mens op soek na vrede. Pogings tot wapenbeheer kon egter nie die uitbreek van oorloë verhoed nie: met ander woorde, daar is geen verband tussen die beheer van die wapenwedloop en die uitbreek van 'n oorlog nie. Die oorsaak van oorlog is dus nie in die wapen te vind nie: dit moet in die mens self gesoek word.

Vanuit humanistiese oord kon Immanuel Kant nie die deurwerking van die sondeval in die mens se hart miskyk nie. So verklaar hy in sy werk *Ten eeuwigen vrede:*

> ". . . dat deze ideale regeeringsvorm in de oogen van velen niet meer is dan een utopie, goed voor engelen, maar niet voor de menschen met hun zelfsuchtige neigingen." (Kant, ongedateer: 31).

Ook merk die humanis Bertrand Russell (1961: 117) in dié verband op:

> ". . . we must become aware that the hatred, the expenditure of time

> and money and intellectuel ability upon weapons of destruction, the fear of what we may do to each other, . . . and all this is a product of human folly. It is not a decree of Fate. It is not something imposed by natural condition. It is an evil springing from human minds, rooted in ancient cruelty and superstition".

Russell koppel die proses van wapenvervaardiging aan 'n wanfunksie van die mens se brein, maar volgens 'n Christelik gefundeerde standpunt word hierdie inherente neiging tot alle kwaad aan die radikale en totale trefkrag van die sondeval toegeskryf. Gevolglik is die mens van nature geneig om God en sy naaste te haat en sal die mens, waar hy die keuse het, die verkeerde kies. Om wapenbeheer doeltreffend toe te pas moet die mens se hartsingesteldheid verander word — iets waartoe hy nie in staat is nie. Eers met die wederkoms van Christus sal Hy alles nuut maak, ook die mens se sondegebroke hart, en sal die ewige vrede op die nuwe aarde neerdaal. Eers dán sal wapenbeperking en selfs ontwapening 'n werklikheid wees.

Bewapening is gevolglik 'n produk van die mens se verrotte gees waarmee hy sy vrese en wantroue wil besweer en sy hebsug bevredig. Stryd en konflik is deel van die mens se aardse bestaan. Morgenthau (1973: 400) belig die situasie treffend:

> "Men do not fight because they have arms. They have arms because they deem it necessary to fight. Take away their arms, and they will either fight with their bare fists or get themselves new arms with which to fight. What makes for war are the conditions in the minds of men which make war appear the lesser of two evils. In those conditions must be sought the disease of which the desire for, and possession of, arms is but a symptom. So long as men seek to dominate each other and to take each other's possessions, and as long as they fear and hate each other, they will try to satisfy their desires and to put their emotions to rest"

Bewapening soos vergestalt in die wapenwedloop is derhalwe regstreeks terug te herlei na die mens se onvermoë om die anti-Goddelike gerigtheid van sy hart te verander. Watter pogings die mens ook al aanwend om die vredesideaal na te jaag, gaan dit mank aan sy oorlogsugtigheid. Suksesse mag daar wel wees, maar die versugting na mag om te heers en te laat geld maak van alle wapenbeheer 'n karikatuur. Daar moet ernstig gewaak word teen die populêre opvatting dat START = stabiliteit = vrede. Wapenbeheer is geen waarborg vir vrede nie. Dit kan slegs dien om die verwoestingsgevolge van 'n oorlog aanvanklik te verminder.

## 6. 'N SLOTWOORD

Soos reeds uit voorgaande blyk, kan wapenbeheer nie die kernwapenwedloop beëindig nie. Die anti-Goddelike hartsingesteldheid van die mens onderskei op internasionale politieke terrein faktore wat juis as stimulant vir die wapenwedloop dien. Die polarisasie van die internasionale politiek in twee vyandiggesinde pole skep 'n situasie waarin alle lande wat buite die militêre aliansies van hierdie twee magsblokke val, vir hulle eie selfverdediging moet sorg. Hulle strewe na internasionale status en prestige lei dan ook na die strewe van kernwapenbesit. Die gevolg is dat die opkoms van 'n 'onverbonde' kernmoondheid die magsbalans tussen die Oosterse en Westerse kragmonsterings kan versteur. 'n Idee hiervan word reeds gevorm met 'n beskouing van Frankryk as 'n kernmag *vis-à-vis* die Sowjetunie. Een van die probleme wat tans in die onderhandelings vir wapenbeheer ondervind word, is Frankryk se weiering om sy kernmagte by 'n VSA/USSR-ooreenkoms te laat betrek. Vir die Sowjetunie vorm Frankryk dan 'n bedreiging en is dit vir die USSR noodsaaklik om sy kernwapengetalle in verhouding met 'n gesamentlike NAVO/Franse kernmag te handhaaf.

Die opkoms van Rooi China as 'n kernwapenmoondheid, gesien teen die agtergrond van sy kommunistiese regime en die geskil tussen Rooi China en die Sowjetunie om die leierskapposisie in die kommunistiese blok, maak hom 'n Amerikaanse en 'n Russiese teenstander. Laasgenoemde twee het gevolglik die taak om hulle aan twee fronte militêr sterk te hou. Dit impliseer dat Rooi China in der waarheid as stimulant vir die kernwapenwedloop tussen die VSA en die Sowjetunie dien. Hoewel die intensiteit van die wapenwedloop tussen die supermoondhede by geleentheid mag afneem, is die internasionale gemeenskap se versugting na mag die spreekwoordelike olie op die smeulende vuur.

'n Grondliggende struikelblok wat aan die wortel van wapenbeheer lê, is ideologiese oortuigings. Kernwapenbeheer, soos vergestalt deur SALT,/START, wil 'n brughoof vorm tussen die Ooste en die Weste, tussen die kommunisme en die demokrasie, tussen sosialisme en vrye onderneming — twee onversoenbare pole met 'n onoorbrugbare ideologiese kloof tussen hulle. Teenstrydige beskouings en vertolkings van die begrip 'wapenbeheer' open die weg tot wedersydse wantroue en 'n grondige doelstelling om selfhandhawing deur middel van magsuitbouing te verseker. Die kernwapenwedloop sal derhalwe voortgaan ongeag die pogings van die wêreldleiers om dit te beëindig.

**BRONNELYS**

AMALRIK, A. 1976. U.S. pursuit of détente 'can only lead to catastrophe': *U.S. News & World Report*, 55. Oct. 25.

BARNARD, L.D. 1979. Die verspreiding van kernwapens en internasionale orde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 19(3): 215-224 Sept.

DIVINE, R.A. 1978. Blowing on the wind. The nuclear test ban debate 1954-1960. New York: Oxford.

DUPUY, T.N. & HAMMERMAN, G.M. 1973. A documentary history of arms control and disarmament. New York: Bowker in samewerking met Dupuy.

EPSTEIN, W. 1976. The last chance. London: Collier MacMillan.

KANT, I. S.d. Ten eeuwigen vrede. Amsterdam: Wêreld bibliotheek.

LIEBERMAN, J.I. 1970. The scorpion and the tarantula: the struggle to control atomic weapons 1945-1949. Boston: Houghton Mifflin.

MORGENTHAU, H.J. 1973. Politics among nations. The struggle for power and peace. New York: Knopf.

RUEHL, L. 1978. The 'grey area' problem. (*In* Bertram, C., *red.* The future of arms control: part I: beyond SALT II. *Adelphi papers* 141: 25-34. Spring).

RUSSELL, B. 1961. Has man a future? London: Allen & Unwin.

SIPRI. 1975. Safeguards against nuclear proliferation. Stockholm: Almqvist & Wiksell.

SIPRI. 1978. Arms control: a survey and appraisel of multilateral agreements. London: Taylor & Francis.

SIPRI. 1982. World armaments and disarmament. SIPRI yearbook 1982. London: Taylor & Francis.

SYNDER, G.H. 1971. The conditions of stability. (*In* Art, R.J. & Waltz, K.N., *eds.* The use of force. Boston : Little Brown. p. 117-128).

TALBOTT, S. 1979. Endgame. The inside story of SALT II. New York: Harper & Row.

UNITED NATIONS. 1957. Official records of the General Assembly: twelfth session, plenary meetings. New York: United Nations.